

31 Julie

Skrifgedeelte: Lukas 22:39-46

Fokusgedeelte: Lukas 22:42 (1983-vertaling)

Bid om die gawe van algehele en onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan God se wil

Deur die Gees gelei sien ons as't ware ons Here, Jesus Christus biddend en smekend in die stof. Hy is so intens daarvan bewus dat God se wil besig is om te geskied. En ons kan, mag en moet ook bid: "Laat u wil geskied", want ons bid tot ons hemelse Vader wat ons tog baie goed ken en wat sy skeppingswerke steeds onderhou en daarvoor regeer. Eintlik is dit 'n uiters ongemaklike ding wat ons vra, want hoe moet ons die wil van God verstaan as ons die bitterste beproewing moet deurworstel en bid om genesing en uitkoms en dit gebeur nie? En dan, wanneer die ergste dan tog nog gebeur nadat ons so mooi gevra het, hoe kan God sê dat sy wil alleen maar GOED is?

Christus is vir ons 'n voorbeeld van hoe om 100% aan God en sy wil gehoorsaam te wees, dit maak nie saak wat met jou gebeur nie. Dit gaan hier oor sy gehoorsaamheid tydens sy lyde wat van Hom gevra word sodat Hy volkome vrywillig, sonder sy eie wil, aan die wil van God alleen gehoorsaam en steeds blymoedig sal wees (HK So. 49). Tot drie maal toe gaan bid Hy. Daar in Getsemane sien ons Hom onder leiding van die Heilige Gees bid: "*Vader, as U wil, neem tog hierdie lydensbeker van My af weg. Laat nogtans nie My wil nie, maar u wil geskied.*" Hy onderwerp Hom ten volle onder die wil van God. Dit gaan nie oor Homself nie, nee, dit gaan oor God wat deur Christus se lyde en dood verheerlik moet word.

In so 'n algehele onderworpenheid kan ons ook bid en aan God se wil gehoorsaam bly. Daarin moet ons berus. Vir Christus het die lydensbeker nie verbygegaan nie. Hy moes dit drink, Hy moes sterf, en in hierdie onvoorwaardelike gehoorsaamheid moet onself vrede en kalmte vind. So het Christus troos, krag en sterkte in sy lydensweg ontvang. So het Hy opgestaan en sy kruis in volle gehoorsaamheid aan die wil van sy Vader tegemoet gegaan. Hy het nie 'n enkele keer sy eie belange vooropgestel nie. So is sy gebed verhoor, al wag daar pyn en lyding op Hom – dit is die wil van God.

Dank God vir sy genade in en deur die grootste Verlosser en Middelaar, wat ons deur sy Gees elke dag kan help om die wil van ons Vader te doen. Laat sy wil in ons lewens geskied, en weet verseker dit sal enkel en alleen net goed wees vir ons.

Sing: Skrifberyming 28 (10-2) (Onse Vader)

Ds. MPA (Maarten) Venter (Vryburg)